

AFDELING 1

Lees **Teks 1** en beantwoord dan **vrae 1, 2 en 3** in jou vraestel.

Teks 1

Waarheen met die slim tegnologie?

Help – my kombuis praat te veel! Die tegnologie word te slim! Dis nie meer so ’n vergesogte idee dat jou yskas vir jou sê jou melk is byna op nie, of die tiener waarsku om nie uit die bottel te drink nie. Daar kan selfs ’n *app* op jou yskasdeur wees wat jou met die internet konekteer om resepte te soek of om sommer net met jou vriende te klets terwyl jy kook. Daar is al ’n wasmasjien wat jou vertel hoeveel waspoeier jy vir daardie bondel wasgoed nodig het. Alles wat ons lewe vergemaklik, word al hoe vinniger en slimmer. Die afgelope tien jaar was dit soos ’n ontploffing in die tegnologie.

5

Wie dryf dié vooruitgang? Is dit die navorsers by die groot maatskappye wat met tegnologie swoeg om ons, die verbruikers, met wonderlike nuwe elektroniese produkte te verras? Of is dit óns wat al hoe minder tyd het en verwag dat produkte slimmer raak en meer kan doen? Dit lyk asof produkte aan die voorpunt van innovasie gedryf word deur albei.

10

Dit beteken dat nuwe produkte meer gesofistikeerd is. Tegnologie laat jou meer in beheer voel en dit kan jou bemagtig. Kosbare familietyd word geskep wanneer die gesin saam televisie kyk of deur die wêreld van die internet op die slim televisie rondrits. Met die hulp van Skype-gesprekke kan families nou oor duisende kilometers virtueel saamkuier in mekaar se sitkamers.

15

Maar nie almal is ewe opgewonde nie. Tegnologie maak ons luier, omdat masjiene of rekenaars baie take vir ons verrig. Ons verloor hoe om behoorlik met ander mense te kommunikeer, want alles gebeur in die kuberruim waar daar net boodskappe en beelde is. Kinders bring toenemend tyd in ’n virtuele wêreld deur.

20

Tegnologie kan ’n mens dalk so oorweldig dat jy voel jy wil sommer die prop uitpluk. Baie mense deesdae het ’n behoefte om op ’n “digitale detoks” te gaan. Hulle gaan met vakansie sonder slimfone en rekenaars. Soos taalpraktisyn Sonnette Lombaard dit stel: “Tegnologie ontwikkel teen ’n hengse spoed. Natuurlik probeer ek bybly, ter wille van oorlewing. Ek besef ek het die mag om te besluit in watter mate tegnologie my lewe kan verbeter. Ek hou ook van brief skryf op régte papier, dan plak ek ’n régte seël op. Saans lees ek graag ’n boek in die bed, wen my wekker op en hoor dit tiktak. Dit voed my siel.”

25

Verwerk uit: Sarie

AFDELING 2

Lees **Teks 2** en beantwoord dan **vrae 4** en **5** in jou vraestel.

Teks 2

Tegnologie – Die vraag en die antwoord

In 'n sekere stadium in die lewe wil 'n mens graag bybly. Met alles: klere, flieks, nuus en veral tegnologie. Wanneer jy ouer word, word dit amper 'n onbereikbare ideaal om by te bly. Kom dit by die tegnologie, kan die bo-veertigs moeilik op datum kom met die asemrowende nuwe produkte, verskuivende horisonne, futuristiese foefies, of speletjies en toepassings. Wat van die mense bo vyftig of sestig of selfs sewentig?

5

Die yslike gaping tussen die tegnologiese leefwêrelde van jonk en oud, maak dat jonger mense vergeet dat hulle en die oueres steeds nog albei dieselfde planeet bewoon! Nalees of navorsing help skaars en is tydrowend, want 'n mens het 'n spesiale woordeboek nodig om die terme te verstaan wat in die handleidings gebruik word!

10

Dit maak 'n mens bedroef dat amper alles wat jy weet en verstaan outyds raak. Jong mense hou deesdae nie meer notaboekies of 'n pen byderhand nie. Alle aantekeninge word op 'n slimfoon gemaak, om nie eers te praat van die raakskerms en *apps* waarmee die oueres moeilikheid ervaar nie.

'n Mens doen jou bes om die tegnologie in te haal. Selfs al vra jy 'n kind om 'n fout reg te stel of om iets te verduidelik, verstaan jy nie wat hulle sê nie. Jy sien hulle vingers beweeg en – een, twee, drie en daar het jy dit – terwyl jou brein nog steeds by die “een” uithang! Jy hol al hoe desperater jou asem weg om by te bly, maar op elke gebied bly jy net gryp-gryp na die sterthare van 'n resiesperd wat vooruitsnel. Dit voel selfs asof die perd al hoe vinniger hardloop totdat dit teen die spoed van lig beweeg!

15

20

Waar hoort die persoon wat sukkel om by te hou deesdae? Daar is 'n T-hemp met daarop: *Lei, volg of gee pad*. Nou ja, miskien kan jy nie lei nie, en duidelik blyk dit dat jy nie meer kan volg nie, maar om heeltemal uit die pad te staan? Om die lewe met al sy tegnologie te laat verbyvlieg? Daarvoor is jy glad nie gereed nie. Nee, wat, vergeet dit! Waar is daardie woordeboek?

25

Verwerk uit: Rooi Rose

BLANK PAGE

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Examinations Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cie.org.uk after the live examination series.

Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.